




Datahantering

Graad 3






DataHantering

W A T I S D A T A ?

Data is die inligting waarmee ons werk!



STAPPE:



1. Stel 'n vraag:
Hoeveel diere is daar by Mikro Wildtuin?
2. Samel inligting in en voltooi frekwensietabel.
Vind uit hoeveel diere daar in die Wildtuin is.
3. Gebruik die frekwensietabel om 'n grafiek te maak:
Voltooi jou staafigrafiek.
4. Vergelyk die inligting:
Gebruik die data en bespreek die vrae en antwoorde.



Stap 1: Stel 'n vraag

Hoeveel diere is daar by Mikro Wildtuin?

Stap 2: Samel inligting in.

Kom ons tel die diere.

Ons sien daar is olifante, kameelperde, leeus, seekoeie, luiperde en zebras.

Hoeveel van elk is daar?





Tel die diere en vul dit op 'n frekwensietabel in:

Soort dier:	Frekwensie:	Getal:
Kameelperd		2
Olifant	+++	5
Zebra		2
Leeu		4
Luiperd	+++	7
Seekoei		3




Stap 3: Gebruik frekwensietabel om staafgrafiek op te stel.



Soort dier:	Frekwensie:	Getal:
Kameelperd		2
Olifant	++++	5
Zebra		2
Leeu		4
Luiperd	++++	7
Seekoei		3

Diere van Mikro Wildtuin



Gee jou staafgrafiek 'n naam.

Skryf die name van jou diere op die horisontale as.

Gee jou vertikale -en -horisontale as 'n naam.

Vul die getalle in.

Kleur nou die aantal diere in.





Stap 4: Vergelyk die inligting: Vrae en antwoorde



1. Hoeveel soorte diere is in die opname gebruik?

Daar is 6 soorte diere in die opname gebruik.

2. Van watter soort dier het jy die meeste gesien?

Die luiperde is die meeste.

3. Van watter soort dier het jy die minste gesien?

Die kameelperd en zebra is albei die minste.


4. Wat is die verskil tussen die luiperd en die leeu?

$7 - 4 = 3$ is die verskil.

5. Hoeveel olifante en zebras is daar altesaam?

$5 + 2 = 7$ altesaam

Diere van Mikro Wildtuin






Kyk na die volgende staafgrafiek:



Kan jy sien dat die aantal lekkers nie in ene getel word nie, maar in vywe? Dit gebeur as ons te veel data het wat dalk nie in 'n grafiek sal kan pas nie. Dan tel ons sommer in groepe van vyf of enige ander getal. Maak altyd seker wat die getalwaarde van jou grafiek is voordat jy met jou vrae begin.



Lekkers



Verskillende lekkers

Horizontale as

